die JESUS film

OPVOLG & DISSIPELSKAP:

GEDURENDE DIE SES TOT TIEN WEKE NA DIE VERTONING

UITEENSETTING VAN DIE SILABUS

A. WEEKLIKSE OPVOLG

Een en 'n halfuur se opvolg en opleiding op 'n weeklikse basis oor 'n tydperk van ses tot tien weke.
(Dit is raadsaam om die geestelike leier vooraf te skool, sodat hy persoonlike insette gedurende die opvolg kan lewer.)

Tydsindeling vir elke week se les.

Elke les word in drie dele verdeel, nl:
Inleiding - Praktiese opvolg lesse - Dissipelmaking.

a. Inleiding. (15 Minute)

Dit kan bestaan uit:

Gesamentlike gebed; Die deel van 'n Bybelversie; Getuienis oor waar die student getuig het; Hersiening van die vorige week se werk; Ens.

b. Praktiese "Opvolg" lesse 1-6. (40 Mnuute)

Meegaande ses opvolg studies (*"Begin Jou Nuwe Lewe Reeks"*) is spesiaal deur Campus Crusade for Christ ontwikkel en hanteer die basiese spektrum van Christenwees.

☻ Sien Bylaag A vir die ses "Opvolg" studies.

'n Paar goue reëls om nooit te vergeet nie:

i) Voltooi 'n les tenvolle alvorens u met die volgende een begin.
ii) Dit is belangriker dat u studente die inhoud van die materiaal heeltemal onder die knie kry, as dat u slegs die materiaal dek.
iii) Moedig u studente aan om elkeen sy eie Bybel, pen en papier saam te bring.
iv) Studente sonder Bybels moet gehelp word om hul eie, teen bekostigbare pryse, te bekom.
v) Dit is belangrik dat u u studente eers deeglik sal onderlê oor hoe om 'n versie op te soek, alvorens u begin met die lesse.
vi) Laat die studente die volgende week se les as tuiswerk self voorberei.
vii) Lees elke Bybelvers tenminste 5 keer deur, (verkieslik in meer as een taal) alvorens die studente tot 'n konklusie kom, en die korrekte antwoorde gekontroleer word.
(Hierdie studente kom gewoonlik nie uit 'n Christen milieu nie, en moet nog eers geleer word om die Bybel te verstaan. Indien u oorhaastig is, gaan u die mense langs die pad verloor, en nie werklike dissipels produseer nie.)

c. Dissipelmaking. (40 Minute)

Leer hulle hoe om die "Vier Geestelike Wette" te memoriseer en te gebruik.

☻ Sien Bylaag B vir 'n uitklarings-gids waarmee u weekliks u studente se vordering kan monitor.

B. SERTIFIKATE

Elke mens hou van erkenning vir sy werk.
Voorsien aan die einde van die reeks 'n netjiese sertifikaat aan elkeen van u studente wat die "Opvolg" en "Dissipelskap" kursus suksesvol voltooi het. Dit sal hom aanspoor vir verdere Woord-studies en deelname as raadgewer en lid in jou span.

☻ Sien Bylaag C vir 'n voorbeeld van 'n sertifikaat.

BYLAAG A

BEGIN JOU NUWE LEWE REEKS

Die Christelike lewe is nie 'n lewe van presteer, 'n etiese kode, of 'n lewe van rituele nie. Dit is 'n persoonlike verhouding met die Lewende Skepper God, soos Hy Homself aan die mens bekend gestel het deur Jesus Christus.
Hierdie is een van 'n reeks boekies wat opgestel is om 'n gelowige te help groei in sy verhouding met Jesus Christus.

TITELS IN DIE REEKS

		Bladsy
Opvolg 1.	Begin Jou Nuwe Lewe met Christus.	47
Opvolg 2.	Begin Jou Nuwe Lewe van Gemeenskap met Christus.	49
Opvolg 3.	Begin Jou Nuwe Lewe in die Heilige Gees.	51
Opvolg 3b	Heilige Gees boekie.	53
Opvolg 4.	Begin Jou Nuwe Lewe van Groei in Christus.	54
Opvolg 5.	Begin Jou Nuwe Lewe in God se Woord.	56
Opvolg 6.	Begin Jou Nuwe Lewe in Gebed.	58

BYLAAG B

NAAM:		KERK:
UITKLARING **OPVOLG 1-6 & DIE "VIER GEESTELIKE WETTE"**		
DATUM	**HANDTEKENING**	**ONDERWERP**
		Voltooi en verstaan Opvolg Les 1.
		Voltooi en verstaan Opvolg Les 2.
		Voltooi en verstaan Opvolg Les 3.
		Voltooi en verstaan Opvolg Les 4.
		Voltooi en verstaan Opvolg Les 5.
		Voltooi en verstaan Opvolg Les 6.
		Gememoriseerde weergawe van die vier hoofopskrifte. (Wette)
		Gememoriseerde weergawe van die drie oorgangsinne.
		Gememoriseerde weergawe van die hantering van die twee sirkels.
		Gememoriseerde weergawe van die hantering van die gebed.
		Gememoriseerde weergawe van die opsomming van die hoofpunte van elke wet.
		Gememoriseerde weergawe van elke wet se afsonderlike Bybelversies.
		Maak met gemak kontak met 'n vreemde persoon en kies 'n onderwerp wat na die Vier Geestelike Wette sal oorgaan.
		Hoe om te Weet dat Christus wel in jou lewe is volgens Opb.3:20.
		Hoe om te Weet dat Christus wel in jou lewe is: I Joh. 5:11-13.
		Die hantering van "gevoel" teenoor "geloof".
		Hantering van die vyf punte oor: "Noudat jy Christus as Verlosser aangeneem het ....."
		Hantering van: "Wenke vir Geestelike groei ....."
		Hantering van: Die belangrikheid van Christelike gemeenskap ...."

BYLAAG C

Sertifikaat van Sukses

Toegeken aan:

Marius Nienaber

Voltooi die kursus oor hoe om die
"Vier Geestelike Wette"
aan ander oor te dra



Pieter Brits
Campus Crusade for Christ
Posbus 52908, Dorandia.
0188
Tel/Faks: (012) 565-5001